Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BISHons Multimedia (12240007)

Duur van studie	1 jaar
Totale krediete	120
Kontak	Mr JW de Beer koos.debeer@up.ac.za +27 (0)124202833

Toelatingsvereistes

- BIS in Multimedia.
- ’n Minimum gemiddelde van 60% in die voorgraadse studie.

Addisionele vereistes

Verwys na G Regulasies G.16 tot G.29.

Ander programspesifieke inligting

Behoudens die bepalings van G Regulasie G.18.3, moet 'n voltydse kandidaat vir 'n baccalaureus honoresgraad sy of haar studies binne twee akademiese jare (vier semesters), en 'n na-uurse kandidaat binne drie jaar (ses semesters) na eerste registrasie vir die graad voltooi. Die Dekaan kan egter, op aanbeveling van die Departementshoof, in beide gevalle die studietydperk met hoogstens twee semesters verleng.

Hoogstens twee keusemodules mag gekies word van die ander departemente in die Skool vir Inligtingtegnologie.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 120

Kernmodules

Multimedia navorsingsprojek 761 (IMY 761) - Krediete: 30.00
Hipermedia en opmerktale 772 (IMY 772) - Krediete: 15.00

Keusemodules

Navorsingsmetodologie 711 (INY 711) - Krediete: 15.00
Multimediategnologie 773 (IMY 773) - Krediete: 15.00
Animasieteorie en -praktyk 777 (IMY 777) - Krediete: 15.00
Mens-rekenaarinteraksie 779 (IMY 779) - Krediete: 15.00
Multimediatendense 771 (IMY 771) - Krediete: 15.00
Virtuele omgewings 774 (IMY 774) - Krediete: 15.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.